

11 Julie

Skrifgedeelte: Hosea 13 en 14

God se genade maak van sy kind 'n sieraad en 'n krag in die lewe

Die toekoms het vir die volk donker gelyk. Die Here het deur Hosea dit baie duidelik vir hulle gesê: Julle gaan die oorlog teen Assirië verloor; julle gaan in ballingskap weggevoer word. Luister egter nou net hoe troos 'n liefdevolle Vader sy moedelse kind: My kind, Ek sal vir jou wees soos die dou.

Niemand het nog ooit gesien hoe dou gevorm word nie. Skielik is dit net daar. Dit lyk baiekeer asof die Here Hom aan die lewe onttrek het. Al wat jy sien, is bedrog, moord, geweld en haat. Te midde van al die dinge verseker die Here jou: Hy is daar.

Niemand het ook al gehoor hoe dou gevorm word nie. In die lawaai van die wêreld is Christus stil en geluidloos besig om te kom om 'n einde te maak aan al die ongeregtigheid in die lewe.

In die warm, droë Palestina met sy lae reënval is dou onmisbaar. Sonder die dou sal al die plante verdor. Geen lewe sal moontlik wees nie. God gee lewe en lewensmoontlikhede. Hy gee nog meer: Hy gee die ewige lewe.

Dit dou elke nag in Palestina. Die Here is onder alle omstandighede by sy kind. Die belofte is vervul met die uitstorting van die Heilige Gees. Met Pinkster het die Heilige Gees hier op aarde in God se kinders kom woon. Sy kinders is bedou met die gawes van die Gees, met die ewigheid.

Wie bedou is met die Heilige Gees, bloei soos 'n lelie. In sy of haar lewe word die vrug van die Gees gesien (Gal 5:22). Die gelowige is egter ook soos die Libanon. Hy of sy is 'n standvastige mens in 'n deurmekaar wêreld.

Sing: Psalm 46:1

Ds CS Grobler (Stellenbosch)